

18 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:43-48

Fokusgedeelte: Matteus 5:44-45

Is jy 'n heliograaf?

Eintlik ken ons hom vandag nie meer nie. Vroeëre geslagte – soos in die tyd van die Engelse oorlog – het hom nog alte goed geken: daardie instrument wat gebruik is om seine uit te stuur ... toe lig van die son, blitsend oor die velde, in morsekode na jou makkers weerkaats is. Ja, dit was ... die heliograaf.

Maar wat van jǒú – nǒú, hier? Wat doen jy vandág met die boodskap van ons Hemelse Vader wat sy son oor álmal, slegtes en goeies, jou vriende en jou vyande, hulle wat jou nie wil groet nie en hulle wat jou wel wil groet, laat opkom? Is jy bereid om hierdie sonlig van God se oorvloedige goedheid en liefde as seine van jou liefde aan jou vyande – ja, Christus sê inderdaad: julle vyande! – te weerkaats? As daar darem één opdrag van ons Here Jesus Christus is wat dwarsdeur al die vesels van ons ou sondige mens-wees heen sny, dan is dit verseker hierdie een!

Seiner van die sonlig van God se liefde vir sy vyande – heliograaf? Jy en ek was ook mos God se vyande, was ons nie? “Toe ons nog vyande was” (Rom. 5:10) het God sy liefde vir ons bewys deur sy Seun vir ons oor te gee. Só het Hy die Son van sy ewige liefde oor haters soos ons laat skyn.

Liefde vir ons vyande – dít by uitstek tipeer kinders van ons Vader in die hemel vandag in Suid-Afrika teenoor 'n klein-burgerlike, middelmatige, konvensionele sogenaamde “Christendom”! Wie kán regtig só liefhê? “God het sy liefde in ons harte uitgestort deur sy Heilige Gees wat aan ons gegee is” (Rom. 5:5).

Sing: Psalm 67:1 (Totius)

Dr. PP Kruger (Emeritus)